ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIE

9. KATEGORISEER WINGERDE VIR ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIEË.

Suksesvolle beheer van die verspreiding van rolbaar binne gevestigde wingerde is afhanklik van die verwydering van besmette wingerdstokke, die beheer van witluis en die voorkoming van besmetting met rolblaar van buite die wingerd.

As te veel wingerdstokke besmet is en verwyder moet word, is verwydering nie meer 'n ekonomies lewensvatbare beheerstrategie nie. Om 'n raming te maak van wat die kanse op sukses vir die beheer is, word die volgende riglyne aanbeveel. Drempelwaardes is benaderings gebaseer op ondervinding in Suid-Afrika met die sukses van verwydering, witluisbeheer en sanitasie om rolblaar te beheer, maar variëer as gevolg van verskeie faktore en is nie vaste drempelwaardes nie.

9.1 Rooidruifkultivar-wingerde

Meer as 20 % besmet

Gewoonlik het 'n groot hoeveelheid sekondêre verspreiding (van een besmette plant na 'n ander in dieselfde wingerd) reeds plaasgevind in 'n blok met meer as 20 % besmetting. Gevolglik bestaan daar 'n groot aantal wingerdstokke wat redelik onlangs besmet is en wat nog nie simptome wys nie. Indien verwydering van alle besmette plante oor tyd toegepas word, sal die kumulatiewe getal plante wat verwyder word baie meer wees as dié wat aanvanklik simptome toon en is dit dus nie 'n haalbare strategie nie.

Die produsent moet egter ook in ag neem dat afgesien van die rolblaar-besmetting in die wingerd self, dien dit as 'n bron van virusdraende witluis wat in staat is om te versprei na omliggende wingerde en dit te besmet.

Indien die wingerd 'n lae opbrengs toon, swak wyn lewer en naby verskeie onbesmette wingerde geleë is, moet dit in geheel verwyder word en herplant word met gesonde wingerdstokke.

As so 'n wingerd steeds produktief en winsgewend is of goeie kwaliteit wyn lewer, kan besluit word om dit te behou, maar dit is noodsaaklik dat dit onderwerp word aan streng witluis-beheermaatreëls vir die oorblywende produktiewe leeftyd. Dit moet egter in die geheel verwyder word sodra dit 'n afname in opbrengs of wynkwaliteit toon, sodat die risiko dat dit dien as 'n bron van besmetting vir naasliggende blokke verwyder word.

Tussen 10 % en 20 % besmetting

In wingerde met 'n besmetting van tussen 10 % en 20 % moet die ruimtelike patroon van rolblaarbesmetting bepaal word. Die patroon moet geanaliseer word, met in ag neming van die ouderdom van die wingerd, om 'n beraming te kry van die potensiële latente (plante wat nog geen simptome toon nie) rolblaarbesmetting teenwoordig in die wingerde. Beide die kumulatiewe getal simptomatiese en tans latent besmette wingerdstokke sal verwyder moet word om die siekte tot lae vlakke te verminder.

1) In wingerde met besmetting tussen 10 % en 20 % met duidelike sekondêre verspreiding (kolle van besmetting, of stroke besmette wingerdstokke langs mekaar) (Fig. 1) sal dikwels meer as dubbeld die getal siek wingerdstokke reeds daar wees as wat op daardie oomblik simptome wys. Al hierdie stokke sal oor tyd verwyder moet word om die siekte tot 'n voorkoms onder 1 % te beperk. Indien dit blyk dat te veel wingerdstokke verwyder moet word om steeds voort te gaan met 'n produktiewe wingerd, maak dit sin om die blok te behou sonder verwydering van siek stokke, totdat die produktiwiteit of wynkwaliteit afneem. Die risiko dat dit sal dien as 'n bron van virusdraende witluis na omliggende wingerde moet egter in ag geneem word, wat beteken daar moet streng witluisbeheer vir die duur van die wingerd se leeftyd toegepas word.

Figuur 1: Stroke van twee of drie aanliggende rolblaarbesmette wingerdstokke, wat dui op infeksie vanaf 'n enkele besmette wingerdstok langsaan plante in dieselfde ry (Beeld: G. Pietersen, LNR-NIPB).

2) In wingerd met rolblaarinfeksie tussen 10 % en 20 % met min bewyse van sekondêre verspreiding (min kolle siek plante), is dit waarskynlik dat min sekondêre verspreiding plaasgevind het en dat nie te veel latent besmette wingerdstokke teenwoordig is nie. In hierdie geval maak dit sin om jaarliks alle besmette wingerdstokke te verwyder. Terselfdertyd moet witluisbeheer in hierdie wingerde toegepas word.

Minder as 10 % besmet

In wingerde met minder as 10 % besmetting (veral jong wingerde) word aanbeveel dat verwydering van besmette wingerdstokke jaarliks uitgevoer word. 'n Infeksievlak van minder as 1 % behoort haalbaar te wees binne drie tot vyf jaar. Gedurende die tydperk wat stok verwydering plaasvind, moet witluisbeheer toegepas word in hierdie wingerde.

NB! In wingerde waar jaarlikse stok verwydering uitgevoer word en die getal besmette wingerdstokke jaar-op-jaar nie afneem met minstens 50 % nie, moet gemonitor word dat witluisbeheer werklik voldoende is, of dat besmetting nie van 'n eksterne bron afkomstig is nie.

9.2 Witdruifkultivar-wingerde

Rolblaar kan nie visueel uitgeken word in die oorgrote meerderheid wit kultivars nie en dié waar dit wel bespeur kan word (Chardonnay, Semillon, Kaapse Riesling), het dit 'n lang latente fase (virus het die plant besmet, maar die plant toon nog nie simptome nie). Gevolglik is dit nie moontlik om rolblaarverspreiding te beheer met visuele inspeksie en tydige verwydering van siek wingerdstokke nie.

In hierdie wingerde moet witluisbeheer toegepas word om die verspreiding van rolblaar in hierdie wingerde asook omliggende wingerde wat rooidruif-kultivars mag wees, te verhoed.

Winetech befonds tans navorsing om sensitiewe, praktiese maniere te vind om rolblaar in witdruif-kultivars op te spoor, ter ondersteuning van 'n geïntegreerde beheerstrategie wat siekstok verwydering insluit.

By uiters waardevolle witdruifkultivar-wingerde, of waar hulle 'n risiko vir 'n groot getal gesonde wingerde inhou, mag verwydering van siekstokke uitgevoer word soos met rooi kultivars. Die siekstokke moet egter identifiseer word met die gebruik van 'n kommersieel beskikbare laboratorium tegniek, ensiemverbonde immunosorberende toetsing (ELISA).

9.3 Onderstok-wingerde

Rolblaar-infeksie kan nie visueel opgespoor word in die onderstokke wat algemeen in Suid-Afrika gebruik word nie en is in werklikheid ook moeilik om op te spoor met laboratorium toetse. Gevolglik is dit nie moontlik om rolblaar-verspreiding te beheer deur besmette onderstokke tydig te verwyder nie.

In hierdie wingerde moet witluisbeheer toegepas word om rolblaar-verspreiding in hierdie wingerde, sowel as na naburige wingerde te verhoed.

Winetech is tans besig om navorsing te befonds om sensitiewe en praktiese metodes te vind om rolblaar in onderstokke op te spoor om geïntegreerde beheerstrategieë, soos verwydering, te ondersteun.

Hierdie navorsing is befonds deur

WINETECH

Departement Wingerd- en Wynkunde, Universiteit Stellenbosch
Outeur: Prof Gerhard Pietersen, Universiteit van Pretoria / LNR-NIPB